

## HOOFSTUK II.

### DORPSPOLISIE.

#### Die behoefte aan 'n voltydse dorpspolisie.

Anders as op die platteland, waar die selfstandigheid van die individu meer benadruk is, het die dorpsadministrasie 'n uitgebreider groep amptenare vereis. Die „inlandsche bestuur“ of dorpsadministrasie is gevolglik geplaas

„in handen van Landdrosten en Heemraden, met toevoeging van Klerken, Markmeesters, Schutmeesters, Taxateurs en Inspecteurs, en word bygestaan door Commandanten en Veldcornetten.“<sup>1)</sup>

'n ewe belangrike amptenaar op die dorpe was die konstabel, wat wel nie die administratiewe bevoegdheids van bogenoemde groep besit het nie, maar tog 'n onontbeerlike element in die rustige dorpslewe was, waar die misdaadsyfer, weens die sametrek van mense, die hoogste was.

Behalwe ook dat die pligte van die dorpsveldkornet steeds toegeneem het, is die instelling van 'n voltydse polisie diens op die dorpe verhaas deur die vroegtydige verskyning aldaar van elemente wat nie bestemd was om tot die goeie orde by te dra nie. Daar het, byvoorbeeld, spoedig in alle dorpsgebiede lokasies ontstaan en die ontstamde naturelle wat hulle hier gevestig het, moes direk onder kontrole van die dorpsadministrasie geplaas word.<sup>2)</sup> Waar die naturellemisdadiger aan die begin van die blanke nedersetting in Transvaal deur die dorpe afgeskrik is en sy pogings op die plaasbewoners toege-

spits /..

---

1) Grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858, art.172 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaanse Republiek, 1849-1885, bl. 61).

2) Huyser, a.w. bl. 119.

spits het, het hy, na gelang hy aan die blanke en sy beskawing gewoon geraak het, die grotere belofte wat die dorp ingehou het raakgesien en hom by diegene van sy rasgenote gevoeg wat hulle in die dorpslokasies gaan vestig het.

'n Verdere onrusbarende teken was die toenemende aantal vreemdelinge wat gedurende die vyftigerjare reeds vanuit die Engelse gebiede in Transvaal aangekom het. Hulle was oor die algemeen nie 'n aanwinst vir die Republiek nie <sup>3)</sup> en het 'n onbestendige lewe gevoer. Baie was handelaars en avonturiers en 'n groot aantal was drosters uit die Engelse leër en vloot, <sup>4)</sup> of voortvluggende misdadigers <sup>5)</sup> uit die Kaapkolonie en Natal. <sup>6)</sup> Hierdie tipe van persoon, wat hom gewoonlik op die dorpe gevestig het, aangesien hy nie as vreemdeling grond kom bekom nie, <sup>7)</sup> is met die grootste agterdog bejeen. <sup>8)</sup>

Al /.....

- 
- 3) Argief Potchefstroom, 155. Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 15 November 1862.
  - 4) R496/53: Brief van Koloniale sekretaris van Natal aan Kommandant-Generaal A.W.J. Pretorius, d.d. Port Natal, 14 Februarie 1853. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, bl. 313).
  - 5) R72/49: Brief van Biddulph aan Volksraad, dd. Bloemfontein, 21 Augustus 1849. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No. 1, bl. 280).
  - 6) Daar het minstens by landdros Lombardt van Potchefstroom 'n onwilligheid bestaan om misdadigers volgens artikel 7 van die Sandrivierkonvensie uit te lewer (R181c/49: Lombardt aan Biddulph, dd. Potchefstroom, 26 Augustus 1849). Hierin is hy deur sommige van die inwoners van die distrik gesteun (R182/49: ongetekende brief aan A. Pretorius, dd. 17 September 1849, beide in Voortrekkerargiefstukke, 1829-1849, bl. 391 en 392).
  - 7) Sien hierbo, bl. 15.
  - 8) Pelser, a.w., bl. 113.

Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat daar vroeg reeds 'n begin gemaak is met die instelling van 'n gereelde polisie diens op die dorpe; 'n feit wat egter nie alleen toegeskryf moet word aan 'n buitengewone toename in misdaad of aan die eise van bepaalde omstandighede nie, maar wat veeleer 'n deel uitgemaak het van die natuurlike staatkundige groei van die Republiek. 'n Georganiseerde polisie diens in 'n vreedeliewende gemeenskap, is 'n vanselfsprekende instelling.

Die daarstelling van 'n voltydse polisie diens op die dorpe volg ook veel meer logies as die instelling van 'n soortgelyke diens op die platteland. Die dorpskonstabel se beskermlinge was in 'n relatief klein area saamgegroepeer en het toesig gevolglik makliker gemaak. Verder was sy aanwesigheid in die dorp nodig om met die breëre administrasie van die reg, soos diens by die tronk en hof, behulpsaam te wees,

Daar sou trouens met verloop van tyd 'n duidelike verskil in die organisasie van die polisie diens op die dorp en dié op die platteland ontstaan, wat aan die twee vertakkings van die diens merkwaardige uiteenlopende karakters sou verleen.

Volgens instruksies in 1845 uitgereik, moes die onder-kommandant

„Zorgen voor de publieke rust en veiligheid zo wel voor de gedeelte der ingezetenen die op de dorp verkeert als voor die gene in zoo verre het thans bepaald is buiten de dorp." 9)

Die toesig oor die orde op die dorpe is egter blykbaar/..

---

(9) Vgl. Reyneke, J.J.: Die Kollege van Landdros en Heemrade onder die Voortrekkers, met spesiale verwysing na die rol wat dit gedurende die wordingsjare van die Suid-Afrikaanse Republiek vervul het (M.A. verhandeling, ongepubliseerd, U.P., 1947, bl. 105)

blykbaar nooit deur die kommandante of onder-kommandante onder normale omstandighede waargeneem nie, maar was uit die staanspoor die taak van die landdros<sup>10)</sup> terwyl die kommandant, tot 'n groot mate, die polisie-instruksies op die platteland gegee het.<sup>11)</sup> Hierdie skeiding van die hoofskap oor die dorps- en plattelandse polisie, het, nie-amptelik en later amptelik, bly voortbestaan tot in die negentigerjare. Die dorpspolisie sou onder toesig van die landdros sy siviele karakter behou, terwyl die polisie diens op die platteland onder hoofskap van die krygsoffisiere, 'n meer militêre karakter sou aanneem, veral na 1882 toe die „Rydende Polisie“ in die „Artillerie Korps van de Zuid-Afrikaanse Republiek“ opgeneem sou word.<sup>12)</sup>

#### Die eerste voltydse polisie.

Hoewel die kommandant-generaal dan veral met die distrikspolisie te doen gehad het, het Andries Pretorius en na hom M.W. Pretorius, deur hulle optreke 'n belangstelling vir die polisie diens op die dorpe getoon. Hulle het reeds ondervinding van die doeltreffendheid van so'n diens in Natal gehad waar voltydse polisie dienaars kort na die anneksasie in 1843, aangestel is.<sup>13)</sup>

Die eerste soortgelyke aanstelling in Transvaal het in Potchefstroom tussen 1847 en 1849 plaasgevind met begin 1849 as waarskynlikste datum. Onder die uitgawes

in /.....

---

10) R6/45: Brief van J.J. aan G.J. Burger, dd. 1845 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No. 1, bl. 167).

11) Sien hierbo, bl. 5.

12) Wet no. 8, 1882 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 135).

13) Goldman, P.L.A.: Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief Groepen der Zuid-Afrikaanse Republiek, (Pretoria, 1927, bl. 291).

in die finansiële-verslag vir Potchefstroom vir die tydperk 1847-1849, het die landdros naamlik aangeteken dat aan

„De Gerechtsdienaar een jaar loon - Rds. 60' uitbetaal is. 14)

Hoewel hierdie die enigste beskikbare gegewens is oor die „gerechtsdienaar“, kan verskillende afleidings daaruit gemaak word. Die feit dat dit 'n jaar se loon is wat uitbetaal word, dui daarop dat dit 'n permanente betrekking was wat vir 'n jaar deur dieselfde persoon gevul is. Wanneer ons sy salaris vergelyk met die van die geregsbode aan wie, blykens dieselfde verslag, Rds.100 uitbetaal is, is dit duidelik dat die geregsdienaar 'n blanke moes gewees het. Verder kom dit uit die verslag voor asof die uitgawes daarin vermeld alleenlik op die dorpsadministrasie betrekking het sodat tot die slotsom gekom kan word dat die geregsdienaar 'n dorpsamptenaar was wat onder die gesag van die landdros<sup>15)</sup> gefungeer het. Die aanstelling was ook blykbaar 'n sukses want tydens dieselfde sitting waarin die verslag van die landdros aangevra is, het die Volksraad die verlenging van die aanstelling goedgekeur.<sup>16)</sup> Die pos het 'n instelling/.....

- 
- 14) VR84/49: Finansiële verslag van die Landdros van Potchefstroom vir 12 Julie 1847-29 Januarie 1950, dd. 30 Januarie 1950. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No. 1, bl. 291).
  - 15) Art. 232 van „De Nieuwe Wetten voor de Maatschappy der Hollandsche Afrikanen benoerde de Vaalrivier“ bepaal dat „De schouten of bewaarders der gevangenen staan onder dadelyk opzicht en bevel van landdrosten.“ Hoewel hierdie artikel uit die grondwet van 1857 gelaat is toon dit sonder twyfel wat dit praktyk was. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Notule van die Volksraad, deel III, 1854-1858, bl. 410).
  - 16) Volksraadsnotule, Potchefstroom, art. 59, 22 Januarie 1850 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No.1, bl. 121).

ling in Potchefstroom geword want in 1852 maak die landdros weer eens daarvan melding, hierdie keer onder die benaming "schout" aan wie 'n maandelikse salaris toegeken word. Die pos is, volgens hierdie verslag, deur J. <sup>Av</sup>Raynold beklee, wat dit heelwaarskynlik vanaf die instelling gevul het.<sup>17)</sup> Sy taak was die van hoofkonstabel en sipier.<sup>18)</sup>

Op hierdie stadium was die werk reeds vir een persoon te veel en wanneer omstandighede dit vereis het, is tydelike voltydse konstabels aangestel om die schout behulpsaam te wees. So word in Junie 1852 aan "2 Police dienaren" 'n bedrag van Rds. 129-5-2 uitbetaal.<sup>19)</sup> ook hulle was blykbaar blankes. Die aanstelling van tydelike konstabels het egter nie beteken dat die dienste van spesiale konstabels nie meer gebruik is nie want in dieselfde verslag word

"voor gevangenhuis onkosten voor F. Meyntjes van Zondag den 16e tot Donderdag den 20sten (tussen Desember en Maart) Rds.6" uitbetaal.

Die eerste konstabels wat in Lydenburg aangestel is, was die sogenaamde "apparenties."<sup>20)</sup> Hulle het by die hof as konstabels opgetree en lasbriewe uitgevoer.<sup>21)</sup>

In /.....

- 
- 17) VR233/52: Finansiële verslag van die Landdros van Potchefstroom, vir 1852-1853. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No. 1, bl. 360).
- 18) Argief, Potchefstroom, 155: Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 30 November 1862 en voetnoot 15 hierbo.
- 19) VR233/52: Finansiële verslag van die landdros van Potchefstroom vir 1852-1853, (S.A. Argiefstukke, Transvaal, No.2, bl. 360).
- 20) L.18: Dagjoernaal van die Landdros van Lydenburg, 7 Januarie 1852.
- 21) Ibid.

In Lydenburg is ook, sover vasgestel kan word, die eerste naturellekonstabel aangestel,<sup>22)</sup> teen 'n vergoeding van „twee aanteelbeesten en vreyen kost per jaar“. Hy was ook die eerste geregsdienaar om sy lewe in die uitvoering van sy pligte te verloor.<sup>23)</sup> Die „Instructionien voor de Landdrosten van de Republiek Lydenburg“ maak ook voorsiening vir die aanstelling van 'n aparte tronkbewaar-der.<sup>24)</sup>

Teen 1853 was daar ook 'n schout in Rustenburg werksaam.<sup>25)</sup> ~~Ook hier~~ <sup>In Lydenburg</sup> het die eerste aanstellings van polisie geensins in die behoeftes voorsien nie en nadat die eerste konstabels reeds aangestel is, kla landdros J. Bührmann in 1851 dat

„De toestand der staat (van gevangenis en polisie) is ellendig en wanneer hierin geen spoedigen verandering komt is het ook voor de besten mensch of amptenaar onmoogelyk iets tot bestwille of vyligheid van volk en land te verrigten of tot stand te brengen - want waarlyk zoo als het nu is moet het mensch moedeloos maken“. 26)

Wat die toestand op Potchefstroom en Rustenburg betref, het ook M.W. Pretorius hom genoodsaak gevoel om 'n brief aan die Volksraad te rig

„verzoekende betere regeling van de thans bestaande Police Instructionien.“ 27)

Hierdie /.....

- 
- 22) Ibid., 12 Januarie 1852: „Alsmede word de kaffer Jonas aangesteld als Diender.“ Om die tronk op te pas.
- 23) Ibid., 20 Januarie 1852. Hy is deur twee moordenaars wat hy in hegtenis moes neem vermoor. Vergelyk Reyneke, a.w., bl. 109.
- 24) Argief Pretoria 102: Instructionien voor Landdrosten van de Republiek Lydenburg, art. 35 en 36. Kopie gedateerd 22 Mei 1860.
- 25) VR393/53: Finansiële verslag van die Landdros van Rustenburg vir 1853-1854. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No. 3, bl. 217).
- 26) L.17: Dagjoernaal van die Landdros van Lydenburg, 10 Desember 1851.
- 27) Volksraadsnotule, Potchefstroom, art.53, 29 November, 1853 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No.2, bl. 178).

Hierdie „thans bestaande Police Instructien“ of verdere verwysing daarna, kon nie gevind word nie.<sup>28)</sup> Daar word egter besluit om „te deze nauwkeurig onderzoek te doen en zoveel mogelyk deze zaak op een geregelde voet te brengen.“<sup>29)</sup>

Die nuwe instruksies wat hiervolgens uitgereik sou word, het blykbaar die gewenste uitwerking gehad want die geregsdienaars het gedurende die volgende paar jaar hulle werk voortgesit sonder verdere klagtes.

#### Die Polisie diens brei uit.

In 1857 het die Landdros van Potchefstroom hom genoodsaak gevoel om van die Volksraad verlof te vra

„voor dit (Landdros)kantoor te benoemen ... een schout en een paar constabels of dienders.“<sup>30)</sup>

Met /.....

---

28) Hiermee kan wel bedoel word die reeds vermelde Veldkornets- en Kommandantsinstruksies wat op die handhawing van orde betrekking het (sien bl.3 en 18). Die feit egter dat daar van instruksies gepraat word „zowel te Potchefstroom als te Rustenburg“ laat die vermoede ontstaan dat elke dorp sy eie instruksies vir polisie gehad het. Hierdie vermoede word gesterk deur die feit dat ook die verbeterde regulasies waarop gesinspeel is dat hulle opgestel sou word, nie te vinde is nie en heelwaarskynlik in die dorpsregulasies vir Potchefstroom en Rustenburg, wat etlike dae later goedgekeur is (Ibid, art. 153), vervat is. Ook hierdie dorpsregulasies is verlore maar indien hulle enigsins soos die „Regulatie voor de dorpen in de Zuid-Afrikaansche Republiek“ van 1858 was (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl.89, sien hieronder bl.35 ), sou hulle beslis polisieinstruksies bevat het. Die „thans bestaande Police Instructien“ was dus ook waarskynlik in 'n vroëre stel dorpsinstruksies vervat. In 'n hofsak te Potchefstroom in September 1862, word melding gemaak van instruksies vir die schout waarmee hy vertrouwd moes wees en „besworen“ het. (Dagboek van die Landdros van Potchefstroom, 12 September 1862).

29) Sien hierbo voetnoot 27).

30) BB1835/57, no. 6: Staatsekretaris aan Landdros van Potchefstroom, dd. 14 Januarie 1857. Hier moet daarop gewys word dat daar voortaan na naturellekonstabels as „constabels“ verwys sou word terwyl die blanke hoofkonstabel „schout“ of „hoofdconstabel“ sou heet. Hoewel hierdie die reël was, is dit tog opvallend hoeveel verskillende benamings daar in hierdie tyd vir die polisie dienaar was, o.a. gerechtsdienaar, gerechtsamptenaar, police agent, apparentie, boden, officieren van het regt, ens.



Met die permanente aanstelling van meer as een konstabel op die dorpe en die uitbreiding van die diens ook na die kleinere dorpies, begin 'n nuwe fase in die polisie diens.

In dieselfde jaar is landdros Grimbeek van Potchefstroom aangesê om 'n geskikte persoon aan te stel as polisieassistent van die veldkornet van Klerksdorp aangesien baie klagtes by die President ingedien is oor die ongereeldhede aldaar.<sup>31)</sup>

'n Aanleiding tot die uitbreiding van die polisie diens gedurende hierdie tyd het gekom van die aanstelling van spesiale polisie by Volksraadsittings en hooggeregshofsittings

„die de naam van Officiëren van de Geregtsbank voeren zullen (en) onder de bevelen van den Landdrost staan.“<sup>32)</sup>

Die waarde van sulke amptenare is gou besef en het veroorsaak dat die landdroste aansoek gedoen het om hulle as permanente polisie te behou.<sup>33)</sup>

Gevolglik is 'n omsendbrief in 1859 aan alle landdroste gestuur bevattende die volgende Uitvoerende Raadsbesluite

„De Landdroste worden gelast twee personen aan te stellen als becheremde gerechts dienaars tegen 4 Rds. per dag; wanneer zulks vereischt word naar de gevoelens der Landdrosten.“<sup>34)</sup>

Gevolglik /.....

---

31) BB 1674/57 no.58: Staatsekretaris aan Landdros van Potchefstroom, dd. Potchefstroom, 8 November 1857).

32) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 7, 11 Desember 1858, Sien ook bl. 17 hierbo en Reyneke, a.w., bl. 66.

33) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 22, 14 Januarie 1859,

34) Ibid.

Gevolgluk is schoute aangestel in Potchefstroom, Pretoria, Lydenburg <sup>35)</sup> en Rustenburg. <sup>36)</sup> Die polisie diens het teen hierdie tyd sy bestaan orals geregverdig en die Regering, wat die noodsaaklikheid daarvan besef het, het die landdroste aangemoedig om die diens te verbeter. <sup>37)</sup> Die swak toestand van die staatsfinansies het egter verhoed dat die gewenste uitbreiding gemaak word en in 1860 was dit duidelik dat die uitgawes vir die volgende jaar die inkomste sou oorskry sodat die Regering 'n beroep op elke distrik moes maak om sy eie administratiewe onkoste te dek en nog 'n oorskot te toon. <sup>38)</sup> Die ongelukkige toestand waarin die staatskas verkeer het en deurgaans sou verkeer tot 1877, sou meer as enige ander faktor die vooruitgang van die polisie diens strem. 'n Aanduiding hiervan kan gekry word uit die begrotingsdebat vir 1864 waartydens die sterkte van die polisie ter sprake gekom het. <sup>39)</sup> Die Begrotingskommissie het die aangevraagde bedrag vir polisie as te groot beskou, <sup>40)</sup> en gevoel dat een blanke en vyf gekleurde-konstabels voldoende sou wees vir Potchefstroom, terwyl vir Pretoria, Rustenburg, Lydenburg, Schoemansdal, Martinus Wesselstroom en Utrecht vier /.....

---

35) Uitgawes, 1861. (Suid-Afrikaanse Argeifstukke, Transvaal, No. 4: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859-1863, bl. 356).

36) Staatscourant, 13 Julie 1860.

37) Volksraadsbesluit, art. 697, 10 Februarie 1864. (Staatscourant, 8 Maart 1864).

38) R3997/60: Begrotingsrede vir 1861, dd.10 September, 1860.

39) Volksraadsnotule, art.26, 27 September 1864, Suid-Afrikaanse Argeifstukke, Transvaal No. 4, bl. 175.

40) Hoe groot die aangevraagde bedrag was en hoeveel polisie dit beoog het, is nie duidelik nie.

naturellekonstabels elk aanbeveel was. Hoewel die Volksraad magtiging verleen het tot die aanstelling van tien naturellekonstabels vir die hoofstad, is die ander aanbevelings van die kommissie aanvaar.

Selfs uit die besnoeide aanvraag is dit duidelik dat daar sedert 1861 'n omvangryke besef van die waarde van die permanente polisie diens ontstaan het. Binne twee jaar is die aantal polisieposte van vier na sewe uitgebrei en het al die dorpe in die Transvaal nou een tot sy beskikking gehad.

Die begroting vir 1864 hou egter nie in alle opsigte 'n vooruitgang wat polisie diens betref, in nie, want die uitbreiding van die diens het gepaard gegaan met vermindering van doeltreffendheid deurdad die blanke polisie, wat aanvanklik die grootste gedeelte uitgemaak het, nou tot een verminder is terwyl daar 'n aansienlike vermeerdering in die getal naturellekonstabels sou plaasvind. Laasgenoemdes was glad nie so doeltreffend soos die blankes nie<sup>41)</sup> en die dorpsveldkornette kon verweg om weereens die verantwoordelikheid van polisiepligte te moet nakom. Hierdie reëling was 'n besliste agteruitgang waarteen beide veldkornette<sup>42)</sup> en landdroste<sup>43)</sup> beswaar gemaak het, sodat die Volksraad, op aandrang van president Pretorius die besluit moes hersien.<sup>44)</sup>

Landdroste /...

- 
- 41) Brief van Staatsprokureur aan Uitvoerende Raad, dd. 14 Julie 1869, (Staatsprokureur briewekopieboek no.373).
- 42) Argief Potchefstroom, 155: Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 17 Desember 1864.
- 43) Ibid, Brief aan Staatsekretaris vroeg Januarie 1865.
- 44) R497/66: Brief van Landdros van Utrecht aan Uitvoerende Raad, dd. 14 Mei 1866. Die landdros wys die Uitvoerende Raad daarop dat hy direk van die President magtiging ontvang het om die polisie diens uit te brei deur 'n blanke schout aan te stel.

Landdroste is weerleens toegelaat om schouts te benoem maar met die verstandhouding dat so 'n persoon ook ander geringer ampte sou vul. Dit sou die beswaar van groot, afsonderlike salarisse oorbrug en sodoende die besuinigingsveldtog, wat die oorsaak vir die afskaffing van meeste van die hoofkonstabelposte was, eerbiedig.

Volgens hierdie reëling is J. Haagen in 1864 aangestel as waterfiskaal, markmeester, schutmeester en schout van Schoemansdal terwyl hy ook posmeester van Zoutpansberg was.<sup>45)</sup> Aanstellings van dieselfde aard is ook in die loop van 1865 gemaak vir Marthinus Wesselstroom,<sup>46)</sup> Pretoria,<sup>47)</sup> Lydenburg,<sup>48)</sup> en Utrecht.<sup>49)</sup> Hoewel die schout dan op hierdie wyse feitlik 'n handlanger in die dorpsadministrasie geword het en seker nie die gewenste aandag aan die polisie wese kon skenk nie, kan sake tog 'n meer bevredigende gang gaan, al was dit dan net in soverre die schout die toesig oor die naturellekonstabels kon waarneem. In hierdie tydperk het Potchefstroom,<sup>50)</sup> Lydenburg<sup>51)</sup> en Pretoria<sup>52)</sup> ook die ongekeerde voorreg van afsonderlike sipiers gehad.

Die / ....

---

45) R903/64: Brief van die Landdros van Schoemansdal aan Staatssekretaris, dd. 14 Oktober 1864.

46) R452/65: Brief van Landdros van Marthinus Wesselstroom aan Staatssekretaris, dd. 15 April 1865.

47) R1263/65: Brief van Landdros van Pretoria aan Staatssekretaris, dd. 28 November 1865.

48) Staatscourant, 25 April, 1865.

49) R497/66: Landdros van Utrecht aan Staatssekretaris, dd. 14 Mei 1866.

50) Staatscourant, 17 Oktober 1865.

51) Ibid, 25 April, 1865.

52) Ibid.

Die Polisie diens neem vorm aan.

Teen die einde van die sestigerjare het die polisie diens op die dorpe reeds so 'n mate van ontwikkeling bereik dat dit stadigaan 'n eie karakter en plaaslike voorkoms begin aanneem het.

Dit is nie moontlik om uit direkte aanwysings die volledige taak van die polisie-amptenaar voor 1877 vas te stel nie, aangesien daar, behalwe vir die verloregegene „Police Instructien“<sup>53)</sup> en Wykmeestersinstruksies van 1857,<sup>54)</sup> geen samegestelde lys van instruksies vir polisie voor 1877 uitgereik is nie.<sup>55)</sup> Periodieke instruksies en opdragte aan ander amptenare uitgereik, het egter wel bepalings bevat wat op die polisie van toepassing was.

Hiervolgens kan 'n betreklik duidelike beeld van die pligte van die polisie verkry word. Onder die alledaagse dienste wat die hoofkonstabel moes verrig, was die toesig oor die handelsbedrywighele in die dorp. Hy moes toesien dat handelslisensies behoorlik uitgeneem en invoerregte betaal word.<sup>56)</sup> Verder moes hy die mate en gewigte van handelaars ondersoek,<sup>57)</sup> toesien dat die dorpsregulasies nagekom word<sup>58)</sup> en die polisiepligte van die veldkornet op die dorpe uitoefen wat onder andere behels het om toe te sien dat geen afval in die strate /....

---

53) Sien hierbo bl.30 en voetnoot 28).

54) Sien hierbo bl. 13.

55) In 1873 is instruksies vir die polisie op die Lydenburgse Goudvelde opgestel maar hulle was nie op die res van die Republiek van toepassing nie. Sien bl.82.

56) Volksraadsbesluit, art.431, 2 Desember 1871. (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 454).

57) Wet No. 2, 1874, art. 7 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 562).

58) Regulatien voor de Dorpen van de Zuid-Afrikaansche Republiek, art. 35 (Ibid, bl. 89).

strate gegooi word nie, daar nie in die strate gejag word nie, 'n geweer met 'n koeël gelaai nie nader as 'n duisend treë aan die dorp afgevuur word en die watervoor nie beskadig word nie.<sup>59)</sup> Die blanke konstabel was ook speurder en moes die veldkornet en staatsprokureur behulpsaam wees met voorlopige ondersoeke.<sup>60)</sup> Verder moes hy die sipier bystaan met die bewaking van gevangenes in die tronk en toesig hou oor bandiete-werkspanne.<sup>61)</sup> Indien 'n gevangene wat onder sy toesig geplaas is sou ontsnap, kon 'n konstabel verwag om beboet te word.<sup>62)</sup>

Die grootste mag waarmee 'n geregsdienaar toevertrou is, was die van arrestasie. Die „Ordonantie ter aanstelling van Vrederegters" van 1864, gelas polisie-dienaars om vrederegters behulpsaam te wees

„in de beteugeling van alle oproer, twist of andere rustverstoring; alsmede in het arresteeren en in gevangenis plaatsen van alle oproermakers, twisters, rustverstoorders, diewe of andere misdadigers, ter teregstelling volgens wet." 63)

Verder is bepaal dat

„geregtsdienaren enz. hebben het regt, wanneer op geloofwaardige informatie ter hunner kennis wordt gebracht, dat eenige misdaad of rustverstoring is gepleegd, zulken misdadigers te arresteren." 64)

Die polisie se p~~h~~ig van arrestasie word egter die duidelikste gestel deur Ordonnansie no.5 van 1866 wat bepaal dat

„De /...

---

59) Ibid, art 36 en volgende.

60) Ordonnansie no 5, 1864, art. 45. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No. 5: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1864-1866, bl. 250)

61) Regulatien voor Gevangenen (Staatscourant, 4 Maart 1868).

62) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 61, 27 Maart 1865.

63) Ordonnansie ter aanstelling van Vrederegters, art. 2, (Staatscourant, 29 November 1864).

64) Ordonnansie no. 5, 1864, art. 32, (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no. 5, bl.250).

"De geregtsdienaren hebben niet alleen de bevoegdheid maar zyn verplicht om, wanneer onder het regsgebied waarin zy fungeren eenige misdaad of overtreding wordt begaan, waarvan de publieke veiligheid vordert, dat de dader wordt gevat, denzelve op heeterdaad dat is: terstond op of na het feit bevonden worde, dadelyk in versekering te nemen, zonder daartoe eenigen voorafgaande regterlyk lastbrief te vragen of af te wachten" 65)

Ook was dit nie nodig om 'n lasbrief te verkry vir die inhegtenisname van

"personen die niet behooren tot de klasse van burgers en Christen ingezetenen, of met deze gelykstandig zyn." 66)

Van alle sodanige arrestasies moes egter binne 24 uur aan die landdros kennis gegee word. 67) In alle ander gevalle was 'n lasbrief nodig. 68)

Hoewel die hoofkonstabel dikwels met naturelle te doen gekry het, 69) was dit veral die taak van die naturellekonstabel om die orde onder hulle te bewaar. Die juiste taak van die naturellekonstabel en sy bevoegd-hede is nóg onduideliker as die van die blanke konstabels. Hulle het hulle opdragte van die landdros by monde van die hoofkonstabel ontvang 70) en daar was gewoonlik 'n senior in hulle geledere aan wie 'n groter salaris as die res toegestaan is. 71)

Die /.....

- 
- 65) Ordonnansie no. 5, 1866, art. 37. (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 278).
- 66) Ordonnansie no. 5, 1854, art. 41. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No. 5, bl. 250. Hiermee word heelwaarskynlik nie-blankes bedoel.
- 67) Ordonnansie no. 5, 1866, art. 38. (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 278).
- 68) Sien hierbo bl. 68!
- 69) Brief van die Landdros van Utrecht aan Staatsekretaris, dd. 6 Augustus 1869, (Briewekopieboek van die Landdros van Utrecht, Band 10).
- 70) Uitvoerende Raadsbesluit, 10 Junie 1863, art. 7, maak melding van „Schout of opzigter over Police“.
- 71) L.177: Brief van Landdros van Lydenburg aan Staatsekretaris, dd. 7 September 1874.

Die vernaamste pligte van die „constabels" was blykbaar om toe te sien dat alles in die dorpslokasies, waar blankes selde gekom het, stil en rustig geskied, veral gedurende die nag. Indien die lokasiebewoners nie aan die „klokluiding", wat geskied het deur die kerkklok te lui,<sup>72)</sup> gehoor gegee het nie sou hulle

„door (de) wacht in de gevangenis of tronk gezet worden." 73)

Op Sondag en feesdae moes dit stil wees in die lokasies.<sup>74)</sup> Ook naturellekonstabels moes die bewaking van bandiete waarneem,<sup>75)</sup> soms ook van blankes oor wie hulle mag van arrestasie gehad het.<sup>76)</sup> Minstens een naturellekonstabel was voortdurend by die landdroskantoor op diens, terwyl meer as een se dienste tydens hofsittings benodig was.

'n Verdere belangrike taak van die „constabel" was die waarneming van die nagwaak oor die dorp wanneer die hoofkonstabel van diens af was. Die wyse waarop hierdie taak afgeskeep is, was een van die vernaamste klagtes teen die polisiestelsel van die sestigerjare,<sup>77)</sup> toe die algemene klag opgegaan het dat

„het bevonden is dat de kaffer politie byna van hoegenaamd geen nut is." 78).

Die /.....

---

72) Argief Potchefstroom 155: Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 18 April, 1862.

73) L.16: Ordonnansie van die Landdros van Lydenburg, dd. 31 Oktober 1862.

74) Ibid

75) L.177: Dagjoernaal van die Landdros van Lydenburg, 7 November 1862.

76) Ibid.

77) Sien hieronder bl. 53.

78) S.P. 373, Briewekopieboek: Brief van die Staatsprokureur aan Staatsekretaris, dd. Potchefstroom, 14 Julie 1869.



Die vernaamste oortreding waarmee die dorpspolisie te doen gekry het was dronkenskap. 79).

Vir enige voorafgaande opleiding vir die polisie was daar geen fasiliteite, tyd of geld beskikbaar nie. Die konstabel het by aanstelling eenvoudig dadelik met sy dienste begin en sy pligte met verloop van tyd aangeleer.

Gedurende die tydperk voor 1881 was die organisasie van en beheer oor die polisie en gevangenis 'n plaaslike aangeleentheid in die hande van die landdros. Die aanstelling en afdanking van konstabels en sipiers was 'n saak wat geheel en al in sy hande berus het<sup>80)</sup> en voor wie polisie die gebruiklike ampseed afgelê het.<sup>81)</sup> Hoe hy die polisie tot sy beskikking aangewend het was ook sy saak, en in 1869 word die Landdros van Utrecht deur die Regering aangesê om

„voor zy distrikst zoo danige planne als hij wenschelyk en bestaanbaar acht.”

daar te stel ter verbetering van die polisie diens.<sup>82)</sup>

Daar /.....

---

79) Soos blyk uit Polisie sake van Potchefstroom (Potchefstroom, band 208).

80) Reeds in 1850 het die Volksraad beslis dat die aanstelling en afdanking van konstabels die taak van die landdros was. (Volksraadsnotule, Potchefstroom, art. 59, 22 Januarie 1850, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no. 1, bl. 121)(en nog in 1872 beslis die Uitvoerende Raad dat die aanstelling en afdanking van polisie en sipiers „niet behoort by de Uitvoerende Raad. (Uitvoerende Raadsbesluit, art. 30, 15 November 1872.)

81) L.47: Ampsede Landdros van Lydenburg.

82) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 90, 2 November 1869. In dieselfde art. word die Landdros in kennis gestel dat die oprigting van 'n tronk 'n plaaslike aangeleentheid is en dat hy self vir die finansiering van so 'n onderneming voorsiening moet maak.

Daar moes alleenlik gewaak word dat elke dorp nie sy kwota van dié begroting vir polisie-wese oorskry nie. Die noodsaaklikheid om steeds „speciale constabels” aan te stel het egter veroorsaak dat 'n landdros af en toe meer uitgee het as waartoe hy geregtig was.<sup>83)</sup> Eweneens was die landdros verantwoordelik vir die opstel van die jaarlikse tenderaanvraag vir polisie en gevangenes wat sedert 1875 in gebruik was.

Die amp van polisie-dienaar was onder beide blankes en nie-blankes nie gewild nie<sup>84)</sup> en enige persoon met selfrespek wou dit nie beklee nie, tensy hy, soos uit sommige gevalle blyk, deur geldelike nood daartoe gedryf is.<sup>85)</sup> Die polisie-dienaar het dan ook nie dieselfde aansien as die veldkornet geniet nie en is ook nie in sy optrede met dieselfde mate van gesag beklee nie. Die dorpsbewoner het die konstabel as 'n noodsaaklike ewel beskou en beide die amptenaar en die amp is as 'n ontsiering van die dorp gesien. Gevolglik wou niemand met die polisie-diens geassosieer wees nie.

'n Belangrike rede vir die ongewildheid van die amp was die feit dat die grootste aantal blanke polisie nie van aanprysenswaardige karakter was nie. Meeste van hulle was Engelssprekendes wat vanuit die Engelse gebiede die Republiek binnegekom en in geldnood verkeer /.....

---

83) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 16, 29 Julie 1869.

84) R1856/73: Brief van die Landdros van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 7 Desember 1873.

85) Bv. R775/65: Brief van die Landdros van Martinus Wesselstroom aan President Pretorius, dd. 12 Junie 1865.

86) Name soos Donoghue, Schram, Larcey, Haddick, Raymond, Campbell, Muspa, Whitlock, Anderson, Simpson, Filloon, Diamond, Phillips, Philips en Wiper kom in die tydperk 1854-1874 voor terwyl Hollandse name by wyse van uitsondering aangetref word.

verkeer het. Hulle was oor die algemeen brutaal en ongeletterd<sup>87)</sup> terwyl baie nie Hollands kon praat nie. Dit het egter dikwels gebeur dat hulle reeds militêre of polisieondervinding onder die Britse vlag opgedoen het<sup>88)</sup> en sodanige ondervinding was dikwels die enigste gronde waarop 'n kandidaat as geskik vir die amp beskou kon word. Baie van hulle was avonturiers wat hulle nie maklik op 'n bepaalde plek kon vestig nie met die gevolg dat hulle geen betrekking lank wou behou nie of spoedig deur die landdros ontslaan is. So het dit dikwels gebeur dat drie of meer persone die betrekking van hoofkonstabel gedurende een jaar bekleed het; sommige nie eens vir 'n volle maand nie.<sup>89)</sup>

Selfs hierdie tipe van persoon was nie altyd bekombaar nie en die hoofkonstabelskap was soms vir meer as 'n halfjaar vakant,<sup>90)</sup> sodat die landdroste bykans voortdurend moes kla oor die toestand van die polisie wese wat daaglik uitbreiding vereis het.<sup>91)</sup> Hierdie toedrag van sake het die gebruikmaking van spesiale konstabels al meer genoodsaak en in tye van nood is heemrade selfs aangesê om behulpsaam te wees met die ordehandhawing en

„de noodige maatregelen te beraamen tot slaven van lands wetten tot rust en veiligheid." 92)

Die /.....

- 
- 87) Die hoofkonstabel van Martinus Wesselstroom kon byvoorbeeld sy naam nie teken nie.
- 88) RL622/72: Brief van O.Dahl aan Staatspresident, dd. Zoutpansberg, 30 Oktober 1872.
- 89) Argief, Potchefstroom 155: Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 27 Januarie, 27 Maart, 20 Mei 1865.
- 90) Ibid.
- 91) Brief van die Landdros van Heidelberg aan Staatssekretaris, dd. 27 Oktober 1875. (Briewekopieboek van die Landdros van Heidelberg no. 10).
- 92) Argief Pretoria 30: Algemeene Kennisgewing, Pretoria, 1 Junie 1857.

Die maatstaf wat die landdros aangewend het in sy soeke na konstabels, was gewilligheid eerder as geskiktheid en dit het selde gebeur dat 'n keuse tussen meer as een kandidaat gemaak kon word terwyl dit by wyse van uitsondering was dat 'n konstabel beide gewillig was om sy werk getrou te verrig en ook die landdros met sy gedrag tevrede gestel het sodat van hom gesê kon word dat hy

"al het werk wat men van eene goede polisie kan verwacht heeft verricht." 93).

Aan die ander kant het dit gebeur dat 'n persoon wat pas 'n gevangenisvonnis uitgedien het as hoofkonstabel aangestel is. Op so 'n wyse is <sup>J.</sup> G. Reynolds (heelwaarskynlik dieselfde een wat die pos van schout vroeër op Potchefstroom bekleed het) in 1862 as hoofkonstabel van Pretoria aangestel pas nadat hy 'n tronkstraf van twee maande uitgedien het en sy voorganger weens ongehoorsaamheid teenoor die landdros, ontslaan is 94) 'n Teenoorgestelde voorbeeld is van die hoofkonstabel Philips van Rustenburg wie se dienste beëindig is weens bedrog waarvoor hy gevangenisstraf opgelê is; 95) alles sake wat nie tot die aansien van die polisie in die oë van die publiek bygedra het nie.

Met die verkryging van naturellekonstabels was die landdros geensins beter daaraantoe nie en die distriksveldkornet /.....

---

93) R1814/73: Brief van die Landdros van Middelburg aan die Staatsekretaris, dd. 17 November 1873.

94) Argief, Potchefstroom, 155: Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 5 November 1862.

95) Staatsprokureur aan Publieke aanklaer van Rustenburg, dd. Pretoria, 3 November 1875. (SP1: Briewekopieboek).

93a) *See finansiëleverslag van die Landdros van Potchefstroom (Suid. Afrikaanse Argiefstukke, Transraal no.2, bl. 523).*

veldkornet was gereeld op die seek uit na nuwe „constabels”<sup>96)</sup> om die plek te neem van die wat gedros het, ontslaan is, of waarvan die dienstyd verstreke was, 'n toestand wat van minstens een landdros die wanhoopskreet uitgelok het van

„Hoe ik dus moet maken als de maand om is waarvoor ik de tegen woordigen gehuurd heb, weet ik niet.”<sup>97)</sup>

Baie van die naturelle is deur sendelinge<sup>98)</sup> of naturellekommissarisse<sup>99)</sup> in die distrikslokasies gewerf. Sulkes is gereeld afgelos, soms weekliks.<sup>100)</sup> Landdroste het af en toe persoonlik in die distrik uitgegaan om, ten einde raad, self te werf,<sup>101)</sup> en dan net van die sendelinge en kafferkapteins te verneem dat

„De meeste van myn volk weigeren deze dienst en zeggen, het zy niet een dienst voor een fatsoenlyk jong.”<sup>102)</sup>

Gevolglik was dit ook in die geval van naturelle nie buitengewoon dat 'n bandiet vrygelaat word om as konstabel op te tree nie.<sup>103)</sup> Aan sulke persone is die handhawing wat wet en orde toevertrou.

Die /.....

- 
- 96) R2223/68: Brief van die Landdros van Pretoria aan veldkornet Du Toit, dd. 2 Augustus 1868.
- 97) R2888/76: Brief van die Landdros van Marabastad aan Staatsekretaris, dd. 3 Oktober 1876.
- 98) R1814/73: Brief van die Landdros van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 17 November 1873.
- 99) R2888/76: Landdros van Marabastad van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 3 Oktober 1876.
- 100) Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 12 Maart 1865 en R136/74: Brief van die Landdros van Middelburg aan Staatspresident, dd. 21 Januarie 1874.
- 101) R1876/74: Landdros van Middelburg aan Staatsekretaris, dd. 10 Desember 1874.
- 102) Brief van Merensky aan Landdros van Middelburg, dd. 1 November 1873. (Landdros van Middelburg, inkomende stukke, band 2).
- 103) Bv. L177: Dagjoernaal van die Landdros van Lydenburg, 7 November 1862 en 24 Julie 1862: „de bandiet kaffer stuurman uit de yzers ontslagen om gevangenen op te passen.”

Die feit dat die betrekkings gedurig van hande verwissel het, het veroorsaak dat die polisiepligte nooit behoorlik uitgevoer kon word nie. Persone het die betrekking eenvoudig nie lank genoeg bekleed om met die werk vertrouwd te raak en dit behoorlik aan te leer nie, sodat die vlotte doeltreffendheid wat by die opgeleide en aangepaste amptenaar tuishoort, nie as 'n kenmerk van die polisie diens van hierdie tyd, beskou kan word nie.

Een van die belangrikste redes waarom konstabels, of altans goeie konstabels, moeilik bekombaar of te behou was, moet ongetwyfeld gesoek word in die swak salaris wat aan die betrekking verbonde was. Die eerste konstabel wat in Potchefstroom aangestel is,<sup>104)</sup> het sy werk verrig teen die som van 7/6 per maand.<sup>105)</sup> In 1852 is die salaris na £2.6.0. per maand verhoog.<sup>106)</sup> wat dit nog teen die helfte van 1855 was.<sup>107)</sup> Die schout van Rustenburg se salaris was omtrent £2 per maand.<sup>108)</sup> Hierdie bedrag is verminder na £1.5.0. deur die begroting van 1861, terwyl die schout van Potchefstroom s'n opgeskuif is na £2-10-0.<sup>109)</sup> Die salaris /....

---

104) Sien hierbo, bl. 27, e.v.

105) VR84/49: Finansiële verslag van die Landdros van Potchefstroom vir 12 Julie 1847-29 Januarie 1850. (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 1, bl. 291). Bereken teen 13½ riksdalers per pond (Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II, Kaapstad, 1951, bl.228).

106) VR233/51: Finansiële verslag van die Landdros van Potchefstroom, 1852-1853 Argiefstukke, Transvaal, no. 2, bl. 360).

107) VR435/55: ibid. (Ibid, No. 3, bl. 305).

108) Sy salaris is uiters ongereeld betaal. (VR393/53: Finansiële verslag van die Landdros van Rustenburg, 1853-1854. Ibid, bl. 216).

109) R3993/60: Begroting vir 1861 (Ibid, no.4, bl. 356).

salaris van die schout van Pretoria is in 1863 vasgestel op £1-7-6 per maand,<sup>110)</sup> terwyl die van Potchefstroom gedurende die volgende jaar na £3-15-0 vermeerder is.<sup>111)</sup> In 1856 is daar in Potchefstroom, benewens die hoofkonstabel, ook blanke konstabels aangestel teen £2-10-0 per maand.<sup>112)</sup> Die hoofkonstabel van die Setelplaas wou teen hierdie tyd nie vir minder as £7-10-0 werk nie.<sup>113)</sup> In 1868 was die salaris van 'n blanke konstabel in Potchefstroom £3<sup>114)</sup> en teen 1870 £2-2-0 in Lydenburg.<sup>115)</sup> Hierteenoor het 'n landdrosklerk in 1858 £6.10-0 per maand ontvang<sup>116)</sup> en die klerk van die Staatsekretaris £12-10-0 in 1866.<sup>117)</sup>

Die salaris van 'n naturellekonstabel was in 1862 5/- per maand in Lydenburg<sup>118)</sup> terwyl in Potchefstroom £1 per maand betaal is.<sup>119)</sup> Die begroting vir 1864 maak voorsiening vir gelykvormige salarisse van £1-10-0 vir alle „dienders“. Dit is opvallend dat die schout van Pretoria nog net die vorige jaar minder as dit ontvang het terwyl die pos in 1864 afgeskaf is, 'n aanduiding dat konstabels, blank of nie-blank, nie meer vir so 'n geringe /.....

- 
- 110) Uitvoerende Raadsbesluit art.10, 10 Julie 1863.  
111) Volksraadsbesluit, art. 118, 27 September 1864.  
(Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 5, bl.50).  
112) Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 21 Desember 1865.  
113) Ibid., 9 Maart 1865.  
114) Ibid., 2 Maart 1868.  
115) R731/70: Landdros van Lydenburg aan Staatsekretaris, dd. 27 Mei 1870.  
116) Bylae tot die Grondwet van 1858, art. 229. (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl.68)  
117) Verslag van Begrotingskommissie, 22 Maart 1866 (Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, no.5, bl. 407).  
118) Dagjoernaal van die Landdros van Lydenburg, 5 Augustus, 1862.  
119) Dagjoernaal van die Landdros van Potchefstroom, 11 Februarie 1862.

geringe salaris gewerf kon word nie.<sup>120)</sup>

Vir die tipe blanke wat gewoonlik die betrekking van polisie-dienaar gevul het, het die goudvelde na 'n baie meer aantreklike finansiële onderneming gelyk. Gevolglik het dit in 1870, toe die eerste Lydenburgse goudvelde oopgestel is, nog moeiliker as tevore gegaan om polisie, wat teen daardie tyd 'n onontbeerlikheid geword het, te werf. Hoewel daar dus 'n reëlmatige verhoging van salaris plaasgevind het, het dit nie tred gehou met die toenemende verantwoordelikhede van die polisie nie. As in ag geneem word dat daar voor 1870 in meeste dorpe slegs een blanke konstabel was, wat met 'n handjievul naturellekonstabels, wat gewoonlik onder sterkte was, die orde moes bewaar, kan lig begryp word dat sy pad nie met rose besaai kon gewees het nie, nieteenstaande die feit dat die gebruik dat die hoofkonstabel meer as net polisiewerk moes verrig, blykbaar as gevolg van hierdie toestande, kort na 1864 doodgeloop het. Die Regering het wel deeglik kennis gedra van die behoefte aan 'n uitgebreider polisie-diens, maar was, as gevolg van die steeds verslegtende finansiële toestand, <sup>121)</sup> magteloos om aan die behoefte te voorsien. Die aanhoudende versoeke van landdroste om 'n vermeerdering van die toelae vir polisie het alleenlik geslaag wanneer toestande in die betrokke dorp uiters kritiek geword het. In so 'n geval

wordt /.....

---

120) Sien hierbo, bl. 33.

121) Van der Walt, A.J.H., e.a.: a.w., bl. 230-231.



"wordt besloten aangezien het dringend noodig is voorziening te maken tot handhaving van wet en orde ... aan de Landdrost van dat distrikt uit de onvoorzienne uitgaven een som van 55 toe te kennen voor politie." 122)

Tydens sy besoeke aan die dorpe van die Republiek, was die staatsprokureur soms

"verplicht geweest zelve myn poogingen in het werk te stellen omdat de police alhier te gebrekkig is." 123)

Die werk het so veel geword dat die hoofkonstabel soms genoodsaak was om self hulp te verkry en uit sy eie sak daarvoor te betaal.<sup>124)</sup>

Hoewel die geregsdienaar waarskynlik een of ander onderskeidingsteken gedra het, was daar aan die begin nie so iets soos 'n uniform nie. Nieteenstaande dié feit dat daar in 1873 'n bedrag van £ 6-6-0 vir klere vir die polisie te Pretoria toegestaan is,<sup>125)</sup> is die eerste aanduiding van 'n uniform vir polisie te vinde in 'n brief van die Landdros van Middelburg aan die Regering waarin hy verlof vra om 'n

"rol canvas te koop ten einde myne constabels behoorlyk gelyk gekleed te hebben." 126)

In Januarie 1875 het die Uitvoerende Raad die Ouditeur-Generaal aangesê om tenders te vra vir

"kleederen in geheel de Republiek voor alle constabels en gevangenen zoo mede alle gereedschappen enz. ten behoeven der politie." 127)

Hierdie /.....

- 
- 122) VR3: Uitvoerende Raadsbesluit, art.123, 5 November 1869.  
123) SP.373: Briewekopieboek: Brief van die Staatsprokureur aan die Uitvoerende Raad, dd. 14 Julie 1869.  
124) So byvoorbeeld moes die schout van Marthinus Wesselstroom die hulp van sy seun gedurig inroep. (R775/65: Brief van die Landdros van Marthinus Wesselstroom aan Staatspresident, dd. 12 Junie 1865.  
125) UR.5: Uitvoerende Raadsbesluit, art.34, 17 Junie 1873.  
126) Landdros van Middelburg aan Uitvoerende Raad, dd. 1 Oktober 1874, Briewekopieboek van die Landdros van Middelburg, band 321).  
127) UR.5: Uitvoerende Raadsbesluit, art.17, 25 Januarie, 1875.

Hierdie opdrag was in ooreenstemming met die beleid van konsessies wat deur die Regering in hierdie tyd neergelê is vir alle openbare werke.

Gedurende die eerste kwartaal van 1875 het tender-aanvrae van al die landdroskantore dan ook in die Staatscourant verskyn <sup>128)</sup> waarin daar aanvraag gedoen is vir voedsel, hoede, grootjasse, hemde en broeke vir konstabels na gelang van behoeftes, In die vervolg sou tenders vir die finansiële diensjaar gemaak word.

Die polisie het in die reël nie oor afsonderlike kantoogeriewe beskik nie <sup>129)</sup> en die landdroskantoor het waarskynlik ook as aanklagkantoor gedien. Hier was die landdros of dorpsveldkornet gewoonlik te vinde, <sup>130)</sup> en indien die hoofkonstabel nie elders besig was nie, was ook hy by die regeringskantoor waar 'n naturelle-konstabel pal op diens was.

Die polisiedienaar was met die aanvang van die sewentigerjare reeds 'n onontbeerlike amptenaar in al die dorpe en het, hoewel sy rol ondergeskik was aan die van die landdros en veldkornet, tog in 'n uiterse noodsaaklike behoefte voorsien en sy plek volgestaan in die algemene groei en ontwikkeling van die Republiek. Saam met die landdros en veldkornet het hy 'n driemanskap gevorm wat op 'n redelik doeltreffende wyse misdaad kon bestry.

Die /.....

---

128) Bv. Staatscourant, 17 Februarie 1875, waarin daar tenders vir Heidelberg en Wakkerstroom gevra is en Staatscourant, 3 Maart 1875 waarin daar tenders vir Utrecht, Zeerust en Christiana gevra is.

129) Die plan vir die voorgestelde nuwe tronk vir Marthinus Wesselstroom (1873) sluit 'n „Politiekamer" in, maar aangesien die vertrek geen buitendeur het nie, was dit heelwaarskynlik as 'n wagkamer bedoel. (R1604/73: Landdros van Marthinus Wesselstroom aan Staatsekretaris, dd. 7 Oktober, 1873.

130) Van der Walt, A.J.H.: Regspleging in die ou dae.

Die begroting vir polisie en gevangenis vir die diensjaar 1 Augustus 1868-31 Julie 1869<sup>131)</sup> maak voorsiening vir £500 vir salarisse. Weens die las om konstabels te verkry moet die bedrag nie beskou word as 'n weergawe van die aantal diensdoenende polisie nie, maar eerder as 'n beeld van die behoefte wat daar in die verskillende dorpe aan polisie bestaan het. So is aan Potchefstroom bykans helfte van die begroting toegesê. <sup>132)</sup> Uit die eerste halfjaarlikse verslag van uitgawes vir hierdie tydperk <sup>133)</sup> kan afgelei word hoe moeilik dit soms gegaan het om polisie-dienaars te werf. Van die bedrag wat vir salarisse afgesonder is, is minder as die helfte, nl. £ 117-4-0, aangewend, terwyl daar vir sommige dorpe geen uitbetalings gemaak is nie. Die Regering het dan ook beseef dat dit nutteloos was om vir 'n bepaalde aantal poste voorsiening te maak en dan te moet vind dat hulle weens die klein salarisse, nie gevul kon word nie. Gevolglik is die aantal poste vir die volgende jaar verminder terwyl die salarisse verhoog is. <sup>134)</sup> Die begroting vir die volgende diensjaar kom dan ook veel meer gebalanseerd voor <sup>135)</sup> en die staat van uitgawes toon dat die poste oor die algemeen gevul kon word.

Hierdie /....

---

131) Staatscourant, 23 Desember 1868:

132) Potchefstroom £225, Pretoria, £72-10-0, Rustenburg £30-0-0, Lydenburg £30, Piet Potgietersrust £20, Schoemansdal £72, Heidelberg £70, Wakkerstroom £30, Utrecht £20.

133) Staatscourant, 14 April, 1869.

134) Staatscourant, 13 Julie 1869.

135) Vir die diensjaar 1869-70 is £424 aan salarisse vir polisie uitbetaal (Staatscourant 13 Julie 1869) in vergelyking met omtrent £ 253 vir die vorige diensjaar (Staatscourant, 14 April 1869).

Hierdie verbetering was kenmerkend van 'n algemene vooruitgang wat in hierdie tyd in die polisie-wese ingetree het en waartoe die bemoeienis van die staatsprokureur 'n groot bydrae gelewer het.

Die aandeel van die staatsprokureur in die ontwikkeling van die polisie-diens voor 1877.

Die staatsprokureur<sup>136)</sup> was 'n amptenaar wat, weens die aard van sy werk gedurig in noue voeling met die polisie was.<sup>137)</sup> Hy het oor eerstehandse kennis aangaande die mate van wetteloosheid in elke distrik beskik en telkens vir die polisie-wese by die Regering in die bres getree. So word in die Volksraadsnotule van 10 Februarie 1864 gemeld dat op

„Voorstel van den heer Proes (staatsprokureur), gesecondeerd door den heer P. Joubert, De Raad besluit de politie kosten van Wakkerstroom te verhoogen tot Rds. 1500.“<sup>138)</sup>

Veral was dit Staatsprokureur F.W.H. Kleyn<sup>139)</sup> wat deur /.....

- 
- 136) Die Grondwet van 1857 maak voorsiening vir so 'n amp. Dit was aanvanklik blykbaar nie 'n gewilde betrekking nie want binne tien jaar na die instelling is die amp deur nie minder as agt persone vir 'n korter of langer tydperk beklee nie: Visage, J.H. (1857), Moll, C. (1858-1859), Proes, B.C.E. (1859-1861), Jeppe, H. (1861-1862, tydelik), Krogh, P.I.J., (1863, tydelik), Moll, C. (1863-1864), Preller, J.C. (1864, tydelik), Proes, B.C.E. (1864), Meintjies, S.J. (1864, tydelik), Munnich, A.J. (1865-1866), Struben, J.H.M. (1867), Kleyn, F.W.H. (1867), Preller, J.C. (1867-1868), Kleyn (1868-1871).
- 137) Die „Instructien voor Veldcornetten“ van 17 September, 1858, art. 12, (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 91) bepaal dat die veldkornette van enige misdaad „onverwyld kennis aan de Staatsprokureur geeft.“
- 138) Volksraadsnotule, Pretoria, art. 697, 10 Februarie 1864 (Staatscourant, 1 Maart 1864).
- 139) Sien hierbo, voetnoot 136.

deur sy belangstelling in die polisie veel sou doen om die diens te verbeter. Hy het gereeld in sy korrespondensie aan die Regering gemeld hoedat esake met die polisiediens staan en by die Uitvoerende Raad aangedring dat meer polisie aangestel word. So kla hy in 1869 vanuit vanuit Potchefstroom dat

„De blanke Constabel is yverig genoeg en doet alle mogelyke moeite om de justitie behulpzaam te zyn." 140)

maar vind dit onmoontlik om die groot dorp alleen te beskerm, veral teen „inbraak by nacht". Kleyn aarsel dan ook nie om by die Regering aan te beveel dat nog twee blanke konstabels aangestel word nie

„onder een behoorlyk salaris." 141)

Die Uitvoerende Raad het baie simpatiek gestaan teenoor hierdie aanbeveling van die Staatsprokureur en die Landdros opgedra om, in oorleg met Kleyn, maatreëls te tref om die toestand te verbeter, mits hulle

„over eenkomstig die begroting uitvoerbaar zyn!" 142)

Die begroting het inderdaad egter min ruimte tot verbetering van die diens gelaat en weereens wend Kleyn hom tot die Raad. Hierdie keer met die verscek dat 'n bykomstige 120 per jaar beskikbaar gestel word vir die polisiewese in Potchefstroom as salaris vir die bykomstige twee blankes.<sup>143)</sup>

In /.....

---

140) SP373: Brief van Staatsprokureur aan Uitvoerende Raad, dd. Potchefstroom, 14 Julie.

141) Ibid.

142) UR3: Uitvoerende Raadsbesluit, art. 13, 29 Julie 1869.

143) SP373: Brief van Staatsprokureur aan Uitvoerende Raad, dd. Potchefstroom, 11 Augustus 1869.

In hierdie brief voeg Kleyn by:

„Het is myn doel, zocals ik reeds meermalen aan de Uitvoerende Raad heb voorgedragen om het policiewezen in deze Staat in goeden order te brengen.”

Die instelling van spesifieke „nacht polisie” onder bevel van die hoofkonstabel in al die dorpe van die Republiek was ook, aan sy bemoeiing te danke. Die behoefte aan 'n doeltreffende nagwag is lank reeds gevoel en om bykomstige uitgawes te voorkom, het die inwoners van Potchefstroom bygedra om die wag op die been te bring.<sup>144)</sup> Hierdie wag het die gewenste goeie resultate gelewer want in 1871 kon die Staatsprokureur meld dat dit met die orde in Potchefstroom goed gaan.<sup>145)</sup>

Kleyn het ook sy plaaslike verteenwoordigers, die publieke aanklaers, gemaan om die landdros by te staan in die verkryging van goeie konstabels.<sup>146)</sup>

Omdat daar verwarring bestaan het aangaande die verpligtinge van die staatsprokureur en publieke aanklaers<sup>147)</sup> is Kleyn in 1869 deur die Regering opgedra om nuwe instruksies vir hierdie ampte op te stel. Die hersiene instruksies, wat teen die einde van 1869 verskyn het, het 'n nuwe bepaling bevat dat

„De Staatsprokureur heeft het oppertoezicht over de gevangenen en de politie.”<sup>148)</sup>

Die /.....

---

144) Ibid.

145) SP373: Brief van Staatsprokureur aan Staatspresident, dd. 9 Julie 1871.

146) SP373: Staatsprokureur aan Publieke aanklaer van Rustenburg, dd. Potchefstroom, 31 Augustus 1869.

147) BB580/69: Staatspresident aan Staatsprokureur, dd. Pretoria, 6 Julie 1869.

148) Instructien voor den Staatsprokureur en den Publieke Aanklager, art. 5, (Staatscourant, 4 Januarie 1870).

Die „oppertoezicht“ oor die polisie het aan die staatsprokureur nuwe verantwoordelikhede en magte gegee wat aan Kleyn se ywer vir die verbetering van die polisie wese te danke was. Kleyn het tydens die kort tyd wat hy die pos van staatsprokureur beklee het veel verrig en sy ywer op sy opvolgers oorgedra.<sup>149)</sup> Die merkbare verbetering wat daar in die polisie diens aan die begin van die sewentigerjare ingetree het moet egter tot 'n groot mate aan die belangstelling van Kleyn toegeskryf word.

Die hoofskap van die staatsprokureur oor die polisie het meegebring dat hy met meer gesag die behoeftes van die polisie wese by die Regering kon tuisbring en ook in 'n gunstiger posisie geplaas is om die landdroste van hulp en raad te bedien, aangesien hulle, wat polisie sake betref, direk aan hom verteenwoordig verskuldig was en hy, indien hy dit nodig geag het, van hulle 'n verslag oor die toestand van die gevangenis en polisie kon eis om aan die staatspresident voor te lê.<sup>151</sup>

Die hoofskap van die staatsprokureur het egter nie veel verandering in die organisasie van die polisie diens gebring nie. Die plaaslike administrasie is nog steeds deur die landdroste waargeneem en die staatsprokureur het hom nie met die landdroste se reëlins bemoei nie maar alleenlik as 'n skakel tussen hulle en die Regering opgetree. Die landdroste het dit dan ook nog steeds moeilik /.....

---

149) Briewekopieboek van die staatsprokureur, SP.373: Brief van staatsprokureur J. Buchanan aan Staatssekretaris, dd. Pretoria, 27 April 1874.

151) R1315/76: Brief van Staatsprokureur aan Staatssekretaris, dd. Potchefstroom, 10 November 1876.

moeilik gevind om, vir die salaris wat deur die begroting toegestaan is, persone te bekom wat gewillig was om die betrekking van konstabel of sipier vir enigsins 'n geruime tyd te vul,<sup>152)</sup> sodat in 1875 die klagte nog gehoor word dat

„daar gedurig ongeregeldheden in dit dorp voorvallen deurdar ik geen cipier of hoofdkonstabel bekommen kan van goed gedrag daar de som geplaats op de Begroting voor Politie veel te min is.“ 153)

Nogtans het die aantal polisie in die Republiek ongemerk toegeneem. Sodra 'n nuwe dorp geproklameer en 'n landdros benoem is, is ook konstabels aangestel en ingesweer.<sup>154)</sup> Teen 1874 was daar reeds veertien polisietakke in die Republiek,<sup>155)</sup> sodat 'n besoeker uit Holland met reg kon konstater dat

„De inwendige rust wordt thans gehandhaafd door een goede policie, zoo noodig door de burgers ondersteund.“ 156)

Ook is die toestand waarin die gevangeniswese verkeer het in die openbaar gekritiseer <sup>157)</sup> en deur die

Regering /.....

---

152) Die begroting vir 1872-1873 maak voorsiening vir 333-10-0 vir salarisse vir polisie. (Byvoegsel tot Staatscourant, 23 Januarie 1872). Vir 1874-1875 was die bedrag nie minder nie as £2642 vir polisie en sipiers terwyl £1350 aan ander uitgawes vir gevangenis en polisie gemaak is (klere, gereedskap, voedsel ens.) (Byvoegsel tot die Staatscourant, 2 Desember 1874). In 1874 was die salaris van 'n hoofkonstabel te Lydenburg £15 per maand, vir 'n blanke konstabel £10, vir 'n naturellekonstabel £2-10-0 en vir 'n senior naturellekonstabel £5. (L.20: C. von Brandis aan Staatsekretaris, dd. Lydenburg, 7 September 1874). Salarisse is driemaandeliks uitbetaal.

153) (Landdros van Heidelberg 10: Brief van die Landdros van Heidelberg aan Staatsekretaris, dd. 27 Oktober 1875.

154) Nazareth (Middelburg) en Marico is in 1872 geproklameer en in 1873 was daar reeds in beide dorpe polisie aangestel. (Staatscourant, Byvoegsel, 23 Januarie 1872).

155) Ibid., 2 Desember 1874.

156) Van der Rees, Naar de Transvaal, Amsterdam, (1876, bl.23).

157) De Volkstem, 10 Oktober 1873.



Regering verbeter.<sup>158)</sup>

Oor die betreklik rustige toestande wat teen die einde van die eerste Republikeinse periode in die dorpe geheers het, gee C. Jeppe die volgende voorbeelde:

„Not that Pretoria was without other diversions, There was, to begin with, the daily session of the Landdrost Court, in charge of dear old Skinner..... for though, under his firm sway, crime was rare, yet at intervals the police discovered some miscreant, who had feloniously trespassed on vinyard or melon-patch, or attempted to rob the midnight roost. How the audience enjoyed seeing the culprit hauled off to the local gaol which graced the centre of town." 159)

Of al die dorpe dieselfde mate van kleinskaalse diefstal as enigste vorm van misdaad beleef het is te betwyfel. Nogtans is een ding seker - die misdaad-syfer het sedert die vyftiger- en sestigerjare baie afgeneem en gedurende die sewentigerjare sou die belangrikste polisie-aktiwiteite van die dorpe na die Oos-grens verskuif en met die delwers en geweer-smokkelaars in verband staan.

---

158) Volksraadsnotule, 3 Mei 1875, Aanspraak deur waarnemende president P. Joubert, (Staatscourant, 12 Mei 1875).

159) Jeppe, C.: The Kaleidoscopic Transvaal, Kaapstad, 1906, bl. 7-8.